# HOOFSTUK 1
# ORIëNTERING

## 1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleem van die navorsing gestel en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit. Voorts word die doel met die navorsing aangetoon, waarna die navorsingsmetodes bespreek word. Ten slotte word die verloop van die navorsing aangedui en 'n kort samevatting gegee.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Gedurende Junie 1991 is 'n besprekingsdokument oor 'n onderwysvernuwingstrategie vir onderwys in die RSA vrygestel (RSA, 1991a:1). Dit het hieruit duidelik geword dat die formele onderwysstelsel in die RSA nie meer volledig uit staatsfondse gefinansier sal kan word nie. Hierdie probleem van finansies raak verskeie onderwysaangeleenthede, byvoorbeeld leerlingdigtheid, die vermindering van onderwysposte, onderriggeleenthede en die beter benutting van fisiese geriewe (RSA, 1991b:13-14). Om onderwysposte funksioneel te verminder, is daar al hoe meer klem op die onderwyser-leerlingverhouding begin lê en het baie skole, veral plattelandse en kleiner skole, probleme van te min onderwysers om die status quo te handhaaf, in die gesig begin staar. Die huidige voorgestelde verhouding, soos bepaal deur die Onderwyswet (RSA, 138/1997), is 1:37 vir primêre skole en 1:32 vir sekondêre skole .

Kleiner en veral plattelandse skole het basies vier opsies gehad, naamlik om dubbel- of parallelmedium skole te word, te privatiseer of om met ander skole in hulle onmiddellike omgewing te amalgameer. Verskeie Afrikaanse, plattelandse en kleiner skole het egter die laaste opsie, naamlik amalgamasie, gekies. Amalgamasie van twee skole is moontlik een van die ingrypendste veranderings wat enige skool kan ondergaan. Die rede hiervoor is dat deur te amalgameer, skole hulle status quo moet verander en as 'n nuwe skool begin funksioneer.

Verandering en vernuwing word beskou as twee van die belangrikste aspekte van enige organisasie. As 'n organisasie nie verandering en vernuwing ondergaan nie, sal dit stagneer en uiteindelik tot niet gaan (Theron, 1996:135). Amalgamasie is wel 'n baie ingrypende verandering, maar die voortbestaan van baie skole het van die proses afgehang. Alhoewel 'n skool sy status quo moet verander en baie inboet, sal sy voortbestaan heelwaarskynlik verseker word. Amalgamasie beïnvloed 'n organisasie en al sy rolspelers en daarom is dit van die uiterste belang om almal se belange in ag te neem, om sodoende weerstand teen die beoogde verandering te probeer verminder. As daar van hierdie standpunt af uitgegaan word, sal een van die grootste redes vir weerstand, naamlik die verlies van die bekende, uit die weg geruim kan word (Theron, 1996:177). As die betrokke partye voorts in die saak geken word, sal hulle nie die verandering as sinnelose verandering ervaar nie.

Verandering binne die onderwysbestuurskonteks bring mee dat onderwysbestuurders blootgestel word aan nuwe beheermaatreëls, regulasies, groei, toenemende mededinging, tegnologiese ontwikkeling en 'n veranderende werkmag (Bolman & Deal, 1991:30). Verandering geskied egter nie altyd vrywillig nie en 'n organisasie word soms tot verandering gedwing om te bly voortbestaan en te oorleef. Verandering verteenwoordig die stryd tussen dit wat is en dit wat bereik wil word (Theron, 1996:136). Dit blyk dat daar verskillende soorte organisatoriese verandering bestaan. Kimbrough en Burkett (1990:131) onderskei tussen beplande en onbeplande verandering, terwyl Herman en Herman (1994:3) opsionele verandering, differensiële verandering en transformele verandering onderskei. Laasgenoemde impliseer dat interne en eksterne faktore 'n skool tot verandering dwing en die totale kultuur van 'n skool radikaal verander (Wissler & Ortiz, 1988:157).

Die mees betekenisvolle verandering word, volgens Kimbrough en Burkett (1990:127), bereik as daar weerstand teen die verandering is. Chase (1988:102) sê daar sal nooit verandering sonder weerstand plaasvind nie. Die weerstand wat teen die beoogde verandering gebied word, kan reaksionêr of revolusionêr van aard wees. Alhoewel weerstand 'n algemene reaksie op verandering is, kry dit

normaalweg nie die aandag wat dit verdien nie. Volgens Sergiovanni (1987:280) word weerstand teen verandering gebore uit vrees dat normes, waardes, huidige omstandighede en die wyse waarop die daaglikse roetine georganiseer word, deur verandering bedreig gaan word. Weerstand teen amalgamering, en in wese dus teen verandering, is dus 'n normale reaksie van mense en kan dus verwag word (Theron, 1996:173).

Om die proses van amalgamasie suksesvol te laat verloop, is strategiese beplanning van kardinale belang. Strategiese beplanning het te make met besluite rakende 'n organisasie se filosofie en missie, asook die bepaling van 'n strategie en doelstellings om 'n organisasie in die verlangde rigting te laat beweeg (Byers, 1991:18). Strategiese beplanning bevorder die formulering van 'n visie vir die organisasie, wat in die organisasie kan lei tot die ontwikkeling van nuwe maniere om voort te bestaan en te groei tydens tye van groot verandering in die omgewing (Nicol, 1995:17). In die proses van amalgamering word skole met verskillende missies en doelstellings saamgevoeg om nou as een te funksioneer en dit is dus vanselfsprekend waarom strategiese beplanning van soveel belang is. Weerstand teen die beoogde verandering sal ook in 'n groot mate deur goeie strategiese beplanning uit die weg geruim word.

Uit die voorafgaande beredenering kom die volgende probleemvrae na vore :

* Wat is die wesensaard van verandering ?

* Wat behels die proses van die amalgamering van skole en die bestuur daarvan ?

* Op watter wyse word die amalgamering van skole in die RSA bestuur en watter probleme word in die verband ondervind ?

* Watter riglyne kan neergelê word aan die hand waarvan die amalgamerings-proses in skole doeltreffend bestuur kan word ?

## 1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing is om :

* vas te stel wat die wesensaard van verandering is;
* te bepaal wat die proses en bestuur van amalgamering presies behels;
* te bepaal op watter wyse die amalgamering van skole in die RSA bestuur word en watter probleme in die verband ondervind sal word;
* riglyne neer te lê aan die hand waarvan die proses van amalgamering in skole doeltreffend bestuur kan word.

## 1.4 METODE VAN NAVORSING

### 1.4.1 Literatuurstudie

Deur middel van 'n literatuurstudie, bestaande uit primêre en sekondêre bronne, is bepaal wat die wesensaard van verandering is, en wat die proses en bestuur van amalgamasie behels.

'n ERIC-rekenaarsoektog is onderneem om artikels te bekom wat in verband staan met die onderwerp. Die trefwoorde wat gebruik is, is : merge, agreements, change, management, human resource management, amalgamate, management, education, companies, managing change.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

#### 1.4.2.1 Doel

Die doel van die empiriese ondersoek is om te bepaal op watter wyse die amalgamering van skole bestuur word en watter probleme in die verband ervaar word.

#### 1.4.2.2 Meetinstrument

Na aanleiding van die literatuurstudie en 'n bestaande vraelys van Bester (1994), is twee aangepaste, gestruktureerde vraelyste saamgestel. Een vraelys is deur skoolhoofde en 'n tweede deur die personeel voltooi.

#### 1.4.2.3 Populasie

Die populasie is die skoolhoofde en personeel van al die geamalgameerde skole (N = 6) in die Vrystaat sedert 1995.

#### 1.4.2.4 Loodsondersoek

'n Loodsondersoek is by een gealmagameerde skool onderneem om die effektiwiteit van die vraelys te bepaal.

#### 1.4.2.5 Statistiese tegniek

Na samesprekings met die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens is besluit om 'n toepaslike statistiese tegniek, die SAS-program (Statistical Analysis System), te gebruik om die data te verwerk en te ontleed.

## 1.5 TERREINAFBAKENING

Die literatuurstudie is beperk tot die wesensaard van verandering en die proses en bestuur van amalgamering in skole.

Die empiriese navorsing is gerig op skoolhoofde en personeel van geamalgameerde skole in die Vrystaat sedert 1995 om te bepaal op watter wyse die amalgamering van skole bestuur word en watter moontlike probleme in die verband ondervind mag word.

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Die navorsingsverslag word in die volgende hoofstukke verdeel :

| | | |
|---|---|---|
| Hoofstuk 1 | : | Inleiding en oriëntering |
| Hoofstuk 2 | : | Die wesensaard van verandering |
| Hoofstuk 3 | : | Die proses van amalgamering van skole en die bestuur daarvan |
| Hoofstuk 4 | : | Empiriese ondersoek |
| Hoofstuk 5 | : | Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings |

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleem van die navorsing gestel en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit.

In Hoofstuk 2 word daar vervolgens deur middel van 'n literatuurstudie bepaal wat die wesensaard van verandering is.